# Mini word 'n SPOGMOTOR

Mini sug as sy die eerste strale van die oggendsonnetjie op haar lyfie voel. "Ja, so kom en gaan die dae en hier staan ek nog steeds. Niemand het nog eers na my kom kyk of oor my uitgevra nie," kla Mini. "Jy kla nog," sê een van die ander motors, "ek staan al baie langer as jy hier." Mini kyk vies na haar vuil ruite, deure en al die ander dele wat vuil is en sê hartseer:"As hulle ons tog net wil was, sal iemand dalk belangstel en ons koop." "Daarvan kan jy maar vergeet, want ek is nog nooit gewas vandat ek hier is nie," sê Bennie Bakkie.

**Spoggerig**


Mini was 'n spoggerige rooi motortjie. Elke naweek het haar baas haar gewas en dan die hele week na sy werk met haar gery. Daar het hy haar versigtig in die koelte geparkeer sodat die son nie haar rooi lyfie moet verbleik nie. Maar op 'n dag toe sy en die baas en sy vrou so ry, hoor Mini hom sê; "Vandag, my vroutjie, gaan ek en jy vir ons 'n blink nuwe motor koop. Ons het lank gespaar vir 'n motor en uiteindelik het ons nou genoeg geld." "En wat dan van my? Gaan ek dan sommer by die huis bly staan?" het Mini gewonder.

Maar iets baie ergers het gebeur. Die baas het haar aan die motorwinkel verkoop. Dit is 'n vuil plek met baie stof en spinnerakke en sommer gou het Mini net so vuil geword soos al die ander motors en bakkies daar. Die eienaar van die motorwinkel het nie veel vir die ou motors omgegee nie. Hy het net altyd die nuwes blink gepoets en Mini en al die ander gebruikte motors moes maar in die son, wind en reën bly staan.

**'n Aanbod**

Mini dink nog so terug aan alles toe sy die eienaar hoor sê: "Julle moet nou gou spring, hoor. Sorg dat die motors skoon kom en kyk dat almal se bande styf is." "Dis vreemd," sê Mini vir Bennie Bakkie, "ek wonder wat is aan die gang." In 'n kits is Mini en al die ander motors skoongewas en lyk hulle almal beter. 'n Vreemde man kom saam met die eienaar in en loop saam met hom tussen die motors deur. "Goed, ek sal jou 'n aanbod maak," sê die vreemde man. Mini wonder wat dit beteken.

Die volgende oggend kom die vreemde man weer, maar die eienaar daag nooit op nie. 'n Klomp ander mense het ook saam met die eienaar opgedaag. Hulle gooi Mini en die ander motors toe onder groot lappe en begin die mure verf.



Party maak die dak reg en ander breek die stukkende ruite uit en sit nuwes in. Mini beloer hierdie geweiskaf so onderdeur die lap oor haar. Die dinge lyk vir haar vreemd. Toe die mense klaar is en die lappe afhaal, kan Mini skaars haar oë glo. Die plek waarin hulle staan, lyk weer splinternuut en so mooi. Al die gate in die dak waar die reën kon inkom, is toe. Die stukkende ruite waar die wind en stof so ingewaai het, is uitgehaal en daar is heles in hulle plek. "O, hoe fraai, hoe wonderlik," fluister Mini.

**Blink**

Die volgende dag is dit weer die vreemde man. Vandag word Mini en al die ander motors gewas en blinkgevryf. Die stukkende motorruite word vervang en hulle word binnekant ook blinkskoon gemaak. Die man loop van motor tot motor en sit 'n prys op elkeen. En toe weet Mini! Hierdie vreemde man is die nuwe eienaar. Hy het die motorwinkel by die ander een gekoop. "Nou sal ons baie lekker hier bly," sê Mini. "Seker nie vir lank nie want ons lyk nou almal so mooi dat iemand ons graag sal wil koop," sê Bennie.

"Hier kom hy nou na my toe," praat Mini sommer met haarself. "Ek wonder watter prys hy vir my gaan vra." Die eienaar kyk Mini so op en af en sê dan: "Wat 'n oulike motortjie en baie jare oud ook. Ek wonder of dit nie al 'n veteraanmotortjie is nie." Die eienaar stap vinning na sy kantoor en kyk in sy groot motorboek. En ja, werklik! Mini is al ouer as 60 jaar.

**Dankie vir alles**

Die volgende paar dae word baie aan Mini gewerk. Sy kry nuwe verf en al haar blink goed word mooi blink gemaak. "Binnekort is daar 'n motorskou vir veteraanmotors en dan kan ek die motortjie soontoe neem," sê die eienaar wat nou ook haar nuwe baas is.

Die dag met die skou kry Mini toe ook werklik 'n prys. En so neem Mini se baas haar na baie motorskoue toe en sit vir haar 'n rakkie in haar eie motorhuis waar hy al haar mooi blink bekers wat sy gewen het, neersit.

En partymaal ry die baas op 'n Sondagmiddag stadig deur die straat en almal kyk na dié spoggerige rooi motortjie. En ander kere staan sy weer vir 'n week in die vertoonvenster van haar baas se motorwinkel en die mense druk hulle neuse so teen die venster om vir haar te kyk. Dan sê Mini altyd saggies: "Dankie vir al hierdie wonderlike dinge wat met my gebeur het."

MINI word SPOGMOTOR

Lees die storie baie goed deur en beantwoord die vragies volledig.

1. Kyk op bl. 165 vir die betekenis van "sug" en skryf dit neer.
2. Waaroor kla Mini?
3. Watter voertuig staan al langer as Mini daar?
4. Hoe het Mini voorheen gelyk?
5. Kyk op bl. 156 van jou woordeboek vir die betekenis van "spog" en skryf dit neer.
6. Hoe gereeld is Mini gewas?
7. Hoe het hierdie motorwinkel gelyk?
8. Het die eienaar (baas) van die motorwinkel vir die ou motors omgegee?
9. Waarom sê jy so?
10. Wat beteken "gewerskaf"? Bl. 55 in jou woordeboek.
11. Hoe het die plek gelyk toe hulle die lappe van die Mini afhaal?
12. Wat het die vreemde man met Mini en die ander ou motors gedoen?
13. Wat het hy gedoen toe hy van motor tot motor geloop het?
14. Wie was hierdie "vreemde" man toe eintlik?
15. Hoekom dink Bennie dat hulle nie vir lank daar gaan bly nie?
16. Wat het die eienaar van Mini by homself gedink?
17. Wat beteken "veteraan" (vra vir juf. as jy nie weet nie)
18. Hoe oud is Mini al?
19. Wat doen hulle NOU aan Mini?
20. Waarheen gaan Mini gevat word?
21. Wat het Mini op die skou gekry?
22. Wat het Mini altyd saggies vir haarself gesê?

23. Skryf die meervoud: motor baas lyf vrou huis winkel spinnerak bak plek wind eienaar band gang man lap muur ruit mens gat prys boek motorskou rak beker straat

24. Skryf in let=ter=gre=pe spoggerige motortjie versigtig geparkeer verbleik gespaar uiteindelik motorwinkel sommer gepoets omgegee gebruikte almal wonder ander skoongewas vreemde oggend uitgehaal wonderlik